# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

22 Maart 2026

## Gasvryheids-bediening

Kom drink gerus vandag na die erediens tee/koffie in Kosmos, in die kerksaal.

## Gebedsonderwerpe

- Bid vir die boerderygemeenskap wat baie swaar kry agv bek- en klouseer. Bid vir boere wat groot verliese ly of reeds alles verloor het waarvoor hulle 'n leeftyd lank gewerk het. Bid vir moed om voort te gaan. Bid vir doeltreffende ingryping deur die regering.
- Veiligheid op die paaie gedurende die komende skoolvakansie. Bid dat bestuurders geduldig en bedagsaam sal wees en padreëls sal gehoorsaam.
- Gelowiges wat vervolging beleef – bid dat hulle in hulle moeilike omstandighede die nabyheid en vreugde van Christus sal ervaar. Bid vir bewaring.
- Dank God vir die werk van die span van Helderberg Uitreik se Seniorsorgprojek. Bid vir al die mense wat deur hulle bereik word van wie baie geen steun van familie kry. Hulle is heeltemaal afhanklik van donasies vir basiese behoeftes soos toiletware en klere.

Epos: hannetjiegericke@gmail.com


## BORG

**van die maand**

**tHAIRapy Hair & Beauty**

Thelma & Alisia Smit

**084 842 5178**



*Spesiale prys vir pensioenarisse*

**Crombiestraat 4 Strand**


## MRT se deurkollektes

01 Mrt: Projekte 2026 – R1 663
08 Mrt: Dienende Hande – R1 330
15 Mrt: Nepal – R1 847
22 Mrt: Biblia/Hawesending/Seelui
22 Mrt: Musiekbediening
29 Mrt: Sin: Arbeidsbediening

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 26 Maart om 10:00.

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan

Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Lofdiens 09:00

Hartlik welkom by die loferediens. Ons het die einde van die preekreeks van Jesus se vreugde bereik. Ons sluit vandag af met die tema: **Vreugde by die kruis.** Ons skriflesing vanoggend is Johannes 12:20-26. In dié teks sê Jesus dat die tyd gekom het vir die Seun van die mens om verheerlik te word. Alhoewel dit gepaard gaan met sy onskuldige veroordeling, lyding, bespotting en die dood, bemoedig die teks ons dat uit die dood nuwe lewe voortspruit. Dit is inderdaad vreugde wat gevier moet word. Ons word omring met daardie vreugde. Die koringlande en wingerde om ons is 'n gedurige herinnering van sy verlossing. Dit roep ons om in onsself ook te sterf sodat ons vir Hom alleen sal leef.

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 08:45 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
25/03: Patmos.
**Aande: weekliks**
25/03: Patmos.

## Gebedsgroep Woensdae

25 Maart om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Marthie Venter,** tuis na hospitalisasie.
- **Chris Hollenbach,** sterk aan.
- **Kobus Grobbelaar,** verswak na hospitalisasie.
- **Kobus Blaauw,** verswak.
- **Miemie Heeringa,** kanker, genesing.
- **Hester de Klerk,** tuis na knievervanging.
- **Rassie Erasmus,** tuis na heupvervanging.
- **Lafras Kritzinger,** herstel tuis na operasie.
- **Jeanette Snyman,** behandeling.
- **Beatrix Lourens,** behandeling.
- **Obie van Niekerk,** behandeling.
- **Dawie Rossouw,** behandeling.
- **Muggie Rossouw,** broos.
- **Christo Meyer,** broos.
- **Nico Kapp,** broos.



*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*


# Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**27 Maart 2026**

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Die **Ruimte Sentrum** in **Millsstraat 96**, **Strand** verkoop weer weekliks heerlike **druiwe**, vars afgelewer vanaf De Doorns. **Koste: R120.00 vir 3.5kg.** Plaas asseblief u bestelling teen Dinsdae 17:00 by Marinda / Gerda (021 854 8234). Afhaal op Donderdae, vanaf 08:30 by Ruimte Sentrum in Millsstraat in die Strand.




Die **Helderberg Hospitaal Projek** tesame met die **Beyond (MIV) Projek**, maak radio's bymekaar vir Helderberg Hospitaal. Nie al die sale het TV's nie, en die radio's kan help om die eentonigheid te verlig. Laat asb jou ongebruikte radio by die kerkkantoor vir ons.

Baie dankie,
Lynette Jacobs

# Kategese

**22 Maart 2026**

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool:** Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

**Groei-goggas:**

**Rooi – Jesus, die Seun van God**

Ons het vir Jesus elke dag nodig. Die gevaar bestaan dat ons so "gewoond" word aan wie Jesus is en wat Hy vir ons gedoen het, dat ons glad nie meer daaroor opgewonde raak nie. Jesus het gekom om ons van sonde te red. Die kleuters gaan 'n legkaart oor Jesus se lewe bou om self ook opgewonde te raak oor wie Jesus vir julle is.

Handelinge 16:31 "***Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin***."

***Graad 1-6:** Tydens die erediens in die kerksaal.*

**My blink ID:**

**Het jy enige ID hoe bevoorreg jy is?**

Een van die moeilikste dinge in die lewe is om alleen te voel en te beleef dat jy nie êrens behoort nie. Jou nuwe ID in die Here het jou lewe heeltemal verander en jy is 'n kind in God se huisgesin. In sy huisgesin is daar baie nuwe boeties en sussies wat net soos jy alleen kan voel maar nie is nie, omdat hulle mekaar as boetes en sussies in die Here raaksien.

Sondag hoor ons van nog voorregte wat ons as deel van God se gesin ontvang.

Efesiërs 2:19 "***Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God***"

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**

# Aksies in ons gemeente:

## DIENENDE HANDE

### Wie is Dienende Hande en wat doen hulle?

Die gemeente se mans en dames wat saamwerk om gemeente-aksies tot uitvoer te bring. Werksaamhede: bak koekies, maak konfyt, bak pannekoek, jaffles, poeding, bedien koffie/tee & toebroodjies tydens troosdienste, reël die hamburgeraand in Januarie, Herfsmark in Mei, Sop-en-poeding in Julie en Basaar in September. Hulle is verantwoordelik vir die gewilde PJP-oggende 1 x per kwartaal.

Vrywillige dienende hande altyd welkom!

Kontak asb. vir Cecile as jy jou gewig by hierdie groep wil ingooi.

**Koördineerder: Cecile vd Poel (073 173 1134)**

## Helderberg Hospitaal

Ons werk nou saam met die maatskaplike werker wat ons enige tyd kan nader vir hulp met spesiale projekte/geleenthede, soos bv. die eerste kersfees- of nuwejaarsbaba wat gebore word vir 'n spesiale bederfpakkie vir ma en baba. Verder kan mense vir ons pante brei vir die **Thula-beertjie projek** (patrone in die kerkportale of by die kerkkantoor beskikbaar). Die toekomstige mamma, met die hulp van die hospitaal se maatskaplike werker, maak dan die beertjie vir haar baba klaar. Ons gee ook tussendeur klein versnaperinge met 'n bybelversie aangeheg, by die hospitaal af, wat onder personeel of pasiënte versprei word. **Finansiële bydraes** in die vorm van **geloofsoffers** kan in die kerk se tjekrekening inbetaal word met verwysing: ***Helderberg Hospitaal***. Baie dankie vir hierdie geloofsoffers wat ons van gemeentelede ontvang. Dit stel ons in staat om Helderberg Hospitaal se werksaamhede en aksies te befonds. Ons benodig ook deurlopend toiletware soos **tandeborsels, tandepaste, waslappe en handeseep** vir pasiënte, veral by Ongevalle. Dit kan asb. by die kerkkantoor afgegee word. **Koördineerder: Lynette Jacobs (082 040 4967)**

## BETESDA

Betesda is 'n bediening wat uitreik, telefoonoproepe maak en besoek bring aan lidmate op ons voorbiddingslys. Betesda se dames kontak en volg hierdie persone op die voorbiddingslysie getrou op, op 'n weeklikse basis. Daar is deurentyd die nodige kontak en uitruil van inligting met ds Willem en Liesle tov siekes op die voorbiddingslys.

Betesda is ook verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van mediese tuisversorging hulpmiddele soos rolstoele, krukke, looprame, stortstoele en vele meer wat vanuit die kerkkantoor op 'n uitleenbasis bedryf word en gratis aan gemeentelede beskikbaar gestel word. Die leen en gebruik van hierdie hulpmiddels word deurentyd aangemoedig.

**Koördineerder: Anne du Plessis (082 491 9810)**

## CARITAS

### Die gemeente se diens van barmhartigheid vir maatskaplike nood

Reik uit na gemeentelede in nood in die vorm van weeklikse groentebydraes, maandelikse kruideniersware, klere, bystand en ondersteuning waar nodig. Spesiale bederfpakkies gedurende Paasfees en Kersfees.

Hoe kan gemeentelede betrokke raak?

1. **Geloofsofferbydraes,** inbetaal in die kerk se tjekrekening, verwysing: ***Caritas***.
2. Ons ontvang graag **tweedehandse klere**, **beddegoed, linne** en **gebruiksartikels** in goeie toestand, waarvoor jy nie meer nut het nie, wat ons weer verkoop om ons fondse aan te vul.

***Ons doen 'n beroep op ons omgeewerkers om verhoudings met gemeentelede in hulle wyke te bou en ons te laat weet indien daar enige vorm van maatskaplike nood is wat onder Caritas se aandag gebring behoort te word.***

**Koördineerder: Francine van Zyl (084 764 3452)**

**Caritas het 'n teddiebeer wat hul wil uitloot vir fondsinsameling @ R2/lootjie. Kry joune by die kerkkantoor of by Susan Groenewald (072 560 7965)**



**Kéramos**
*Want ons 'CARE MOS'*

**2 Korintiërs 4:7**
"Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek: die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie."

Ons is die Omgeegemeente se jongvolwassenegroep, geïnspireer deur die beeld van kleipotte – broos, maar gevul met God se krag (2 Korintiërs 4:7).
Ons doel is om sáám geestelik te groei, mekaar te ondersteun en eerlik uit ons afhanklikheid van God te leef.
Ons wil 'n ruimte skep waar Sy liefde en krag in en deur ons sigbaar word.
KÉRAMOS is nie net 'n groep op sy eie nie, maar 'n plek waar ons aktief deel is van die gemeente en saam in geloof groei.

## KÉRAMOS "Meet & Greet" Tee

DATUM:
12-APR-2026

TYD:
10:00 - 11:00



PLEK:
NG KERK;
PATMOS,
ANDRIES
PRETORIUS-
STRAAT

Alle jongvolwassenes wat aanklank vind by KÉRAMOS word hartlik uitgenooi om ná die erediens saam tee te kom drink.
Kom hoor waar KÉRAMOS betrokke is — van Woensdagaande Bybelstudie tot diens in die gemeente.
Kom gesels saam oor hoe ons geestelik kan groei en as jongvolwassenes aktief deel kan wees van die gemeente.
Ons sien uit daarna om jou daar te ontmoet!

Kontakpersoon: Handri Kuun - 071 056 6890

Ons wens graag vir Ds Willem geluk met sy verjaarsdag op Maandag, 23 Maart. Mag dit 'n mooi en geseënde nuwe lewensjaar vir jou wees. Ons bede is dat die Here jou ryklik sal seën en dat jy oorvloedige vreugde en gesondheid sal ervaar, en dat hierdie nuwe lewensjaar én nuwe bediening ryk vrug sal dra tot eer van die Here. Mag die Heilige Gees jou elke dag vernuwe en jou gebruik as 'n instrument van hoop en lig vir almal wat oor jou pad kom. Ons bid dat jou bediening vrug sal dra en dat jy vreugde en vervulling sal vind in die werk waartoe jy geroep is. Seën en vrede vir jou. Lekker verjaar.




**Onthou asb. om 'n blom / takkie met blare uit die tuin saam te bring na die Paassangdiens vanaand.**